Geliefde Lourensrivierder

Met Goeie Vrydag om die draai kan ek nie anders as om aan Jesus se laaste woorde aan die kruis te dink nie.... “Dit is volbring”, “It is finished”, “Tetelestai”

In die eerste plek is die woord tetelestai volgens die Vocabulary of the Greek Testament as die sleutelwoord op 'n kwitansie gebruik. Dit het die betekenis gehad van ten volle betaal.
Het die gedagte al ooit by jou opgekom dat die Here Jesus jou gekoop het toe Hy sy bloed gestort en sy lewe vir jou afgelê het? Paulus herinner ons daaraan wanneer hy sê: "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (1 Kor. 6:20).
Tweede betekenis: Gedurende die eerste eeu was dit algemene praktyk om die klagstaat van 'n gevangene aan sy seldeur vas te spyker. Die oortredinge waarvoor hy veroordeel is, is daarop aangeteken, asook die vonnis wat hom opgelê is. Nadat hy sy tronkstraf uitgedien het, is die klagstaat van die seldeur verwyder en uitgekanselleer deur in groot letters daaroor te skryf: TETELESTAI ("Ten volle uitgedien"). Daarna is dit aan die betrokke persoon oorhandig, en niemand kon hom ooit weer vir dié oortredinge aankla nie – hy het die vonnis uitgedien en daardeur die prys vir sy misdade betaal.
'n Derde gebruik vir die term tetelestai was in verband met suksesvolle militêre operasies teen die vyand. Wanneer 'n generaal van die slagveld af teruggekeer het, het hy van sy krygsgevangenes in Rome se strate geparadeer en sy oorwinning geproklameer deur uit te roep: Tetelestai... tetelestai... Deur hierdie uitroep van oorwinning is 'n duidelike stelling gemaak, nl.: sending volbring.
Hoewel dit Jesus se sterwenswoord aan die kruis was, het Hy sy oorwinning oor die vyand aangekondig deur uit te roep: Tetelestai! Om te sterwe was dus vir Hom 'n groot oorwinning, "sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was" (Heb. 2:14-15). Dit was 'n groot triomf oor die vyand van ons siele: "Hy het die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar ten toon gestel en daardeur oor hulle getriomfeer" (Kol. 2:15).
Rudi Muller sing “Tetelestai” Kliek op hierdie skakel: https://www.youtube.com/watch?v=1StWBrvGsq8

NUUSKRUMMELS: 29 MAART 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Vrydagoggend, 30 Maart 2018 is Nagmaaldiens @ 09h00

Ons Agape Begeleidingsgroep sal saar wees vir die Lof & Aanbidding

Fokusteks: Joh 18:1 – 19:42
‘n Gebed vir Goeie Vrydag: Here Jesus, vandag word ons weer in verbystering stil voor U liefde: dat U gekom het na die wêreld toe om te sterf. Ons is verbyster daaroor, Here, want dis nie soos ons is nie. Dankie dat U nie soos ons is nie, Here.
Dankie dat U Uself gegee het tot in die dood. Dankie dat U ons Verlosser geword het.
Ons aanbid U, Here Jesus, Koning van die kerk en van ons lewe. Wil U tog op hierdie dag opnuut Uself aan ons verbind; wil U ons asseblief deur u Heilige Gees verander dat ons soos U kan word, U kan navolg, onsself kan aflê. Word U tog meer in ons, Here Jesus, sodat dit nie meer ons sal wees wat lewe nie, maar U in ons!
Seun van God wat gekom het om U lewe vir ons af te lê, hoor ons gebed! Skenk ons die visie, o Vader, om soos U na die wêreld te kyk. Om nie die wêreld te sien as ’n probleem nie, maar as mense wat u liefde en u genade nodig het, as mense wat iewers langs die pad die spoor byster geraak het, sodat U in Christus Jesus hulle weer kom soek het. Vergewe ons dat ons net dié liefhet wat vir ons liefhet, dat ons net vir hulle bid wat naby ons staan, dat ons tevrede is om met ons eie klein kringetjie gelowiges voort te gaan.
O Vader wat nie behae het in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en kan lewe, hoor ons gebed!
En nou, o Gees van God, bid ons dat U in ons sal werk, sodat Christus in ons lewe verheerlik sal word. Bly met ons besig, o Gees, totdat die dag kom waarop elke knie voor Christus sal buig en elke tong sal bely: Jesus is Here!
Dit alles vra ons met die gebed dat U verheerlik sal word in ons.
Amen.
(Communitas, 29 Maart 2002)

Ook te koop by Kerkkantoor:
Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfyt: R20 per potjie

ALLES is ten bate van die Voedselfeesprojek

SNUFFELMARK:

Sedert 16 jaar gelede het die Snuffelmark, wat klein begin het, tot 'n hoogs suksesvolle diensaksie gegroei. Elke jaar werk ons vir 'n gemeenteprojek. Die laaste Woensdag van elke maand word sowat 30 tafels in die kerksaal vol gepak met goedere wat deur gemeentelede geskenk word. *So kry baie artikels wat in huise in onbruik is, nuwe lewe!* Die jas op foto (regs) het die dame gemaak uit 'n klomp gehekelde lappies wat iemand vir die Snuffelmark geskenk het ♫

16 Gemeentevroue woeker met mening. Ons het ook 'n uitreikprogram. Deur die jare is baie persone en instansies (waar daar nood is) onder ons aandag gebring. Dit is 'n groot voorreg om gereeld aan hulle te skenk. Ons is dankbaar dat ons onlangs R9 000 kon bydra tot die aankope van 'n nuwe Dataprojektor vir die kinder -en jeugbediening.
Ons het groot waardering vir almal wat so ruim bydra om van die mark 'n sukses te maak. **Baie dankie**.
Tans is daar 'n tekort aan KOMBUISWARE, BEDDEGOED, LINNE, ens.
'n Spesiale dank ook aan ons koster (Wessel) en sy helpers, Victor en Rose. Sonder hulle hulp sou ons nie die mas kon opkom nie.

Groot dank ook aan die ons Hemelse Vader vir die krag om die taak te verrig.
Snuffelmarkgroete van Marquerite Kies en span

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIORS
Donderdag, 5 April om 09:30; NG Kerksaal Somerset-Wes, Andries Pretoriusstr 77
SPREKER: Miah Sharon
Sy kom vertel wat sy beleef het tydens "***2013 se Super Typhoon Julian***".
Sy gaan ook skyfies vertoon om hierdie ondervinding uit te beeld.

Baie dankie, Liesle, NGK Somerset-Wes
E-pos: ngsomerset@mweb.co.za of Tel: 021 – 852 1787

NUUS UIT GEMEENSKAP

Amos Kaap hou weer 'n Straatmark op 07 April 2018 op sypaadjie onder die SPUR in die Strand.

Verkope van vars groente & vrugte begin om 06:30 en fondse gaan vir plaasbearbeiding in Wes, Suid en Oos-Kaap. Kom ondersteun ons asb.

Mondeor Eco School cordially invites you to attend our Masters Invitational Golf Day on 25 May 2018 at the Strand Golf Club. We have several marketing and advertising opportunities available:
4 Ball Alliance - R2000; Hole Sponsorship - R2000 (Other Sponsorships - goody bags and displays). The cutoff date for all sponsorships, 4 Ball Alliance and other support payments must reach us by no later than 25 Apr.'18
Please contact Tanya O'Connor for more information at marketing@mondeorecoschool.co.za and 084 588 1106 / 021 858 1309
All 4 Ball Alliance bookings can be made through Francois (Strand Golf Club) at 021 853 6268. Should you participate in our Golf Day please note the following: Please provide us with invoice details via email on marketing@mondeorecoschool.co.za.

Herewith our bank details (please use the relevant reference for your participation): Mondeor Eco School First National Bank Strand; Account Nr: 62355386121; Branch Code: 200612
Sponsorship (sponsorship per hole, goody bag content, prizes, vouchers), please use your name and sponsor, e.g. your name/sponsor or company/sponsor. Hole (players), please use your name and hole, E.g your name /hole or company/hole

STRAND BUURTWAG NUUS:
Maart Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak.

Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of chgeng@telkomsa.net.

Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word:
https://www.facebook.com/strandnw/

STRAND BUURTWAG is die "oë en ore van die Buurt". 'n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb. in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak 'n verskil!

BERG 80 VERJAARSDAE: APRIL

Van	Noemnaam	Verjaar	Ouderdom
Botha	Tienie	04/04	83
Barnes	Ann	04/07	81
Holtzhuizen	Lizzie	04/07	84
Albertyn	Sara	04/09	88
Smit	Catharina	04/12	83
Viljoen	Sus	04/18	82
Rehder	Jan	04/23	92
Rocher	Heloise	04/27	83
Van Der Merwe	Maria	04/30	88

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Num 6:24-16
Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

Baie geluk!

KNIEWERK:

- Dankie Here vir die reën! Seën ons leiers en openbaar Uself só aan elkeen dat hul U waarlik sal ken (Ef 1:15-21)
- Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- Sannie le Roux vir gesondheid (kanker)
- Joël Kriegler vir bestraling
- Piet Nortje bedank almal vir volgehoue gebede, dit gaan beter
- Fanie Viljoen in hospitaal (hartaanval)

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 01 APR. SE BOODSKAP: JOH 20:1-18 (PAASSONDAG EN DIE WEEK DAARNA)

Hoop: Paassondag beteken dat ons met hoop kan lewe. Hoop omdat die graf oop is. Hoop omdat die klip weggerol, die doeke opgevou en die graf leeg is. Hoop, want Jesus het opgestaan juis sodat mense wat dink dat hulle perfek is, en dit nie is nie, met hoop kan lewe. Die grootste uitdaging waarvoor ons staan, is om met geloofsoë na die werklikheid te kyk. As ons dit doen, sien ons die daaglikse mistige lewensomstandighede – al die sleg en swaar waarmee ons moet saamleef. Maar ons sien saam met Maria ook hoe die miswolke lig – dat die klip weggerol is, die doeke opgevou is, die graf leeg is en dat die Here lewe. Wanneer ons dit sien, besef ons Jesus het die dood bloedneus geslaan. Nou kan niks ons van God se liefde skei nie. Ons sal ook in tye van swaarkry en verdrukking nie alleen wees nie. Ons het hoop, want die Here lewe! Die vraag is nie of Jesus opgestaan het nie. Hiervoor is daar genoegsame bewyse. Die vraag is of ons met geloofsoë na elke dag kyk. Is ons bereid om teen alle menslike logika in die leë graf as getuienis te aanvaar dat God in Jesus die onmoontlike gedoen het? Vir Maria en die dissipels, maar ook vir ons en vir die Suid-Afrika van 2018?

Wat is so "goed" aan Goeie Vrydag??:
Kliek op hierdie skakels vir inspirerende verduidelikings:
https://www.youtube.com/watch?v=FzxXvEtf9D0
https://www.youtube.com/watch?v=AVOx981auUM

Mag jy 'n geseënde Paasfees beleef

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier